INFORMASIETEGNOLOGIE

INFORMATION TECHNOLOGY

YOUTUBE SKIELIK GRATIS?

Indien jy die afgelope week YouTube besoek het - of dit nou om akademiese redes was of vir jou weeklikse video-fix, sou jy opgemerk het Inetkey nie noodwendig nodig was nie. En jou observasie sou heeltemal reg wees.

Goeie nuus, maar daar is 'n stertjie aan die storie. Kom ons verduidelik eers hoekom dit skielik so is.

Universiteit Stellenbosch se internet word herlei deur Tenet (The Tertiary Education and Research network), 'n netwerk met die doel om die beste moontlike infrastruktuur aan akademiese instansies te verskaf. Derhalwe is Tenet se bediener oop vir US-personeel en kan toegang gratis, sonder Inetkey, verkry word.

Maar wat het YouTube hiermee te doen? Tenet huisves ook die afgelope tyd 'n weergawe van YouTube in sy kasgeheue, sodat gebruikers makliker en vinniger toegang kan kry.

Om te bepaal watter netwerk gebruik moet word vir 'n versoek en die kortste pad waarheen verkeer herlei moet word, te bepaal, gebruik Google algoritmes, of te wel geo-tagging. In ons geval besluit Google om jou YouTube-versoek eerder na Tenet te wys in plaas van na hulle oorsese bedieners.

`n Risiko bestaan wel dat, indien Google besluit om ‘n ander cache te gebruik vir beter netwerkkapasiteit, die gratis inhoud kan terugverander na betaal-inhoud.

Let wel, ALLE YouTube videos is nie outomaties deel van die kasgeheue nie - Tenet bêre die data volgens aanvraag. Om te verseker jy betaal nie, hou jou Inetkey gesluit wanneer jy YouTube besoek.

Tot tyd en wyl Google sy roete verander kan jy gratis op YouTube rondspeel. Onthou net om jou Inetkey toe te maak, anders kan jy 'n lelike verrassing aan die einde van die maand kry.

Posted in:Toepassings,Kommunikasie,Konnektiwiteit,Algemeen | Tagged:Tenet,YouTube | With 0 comments